# Bring die
# **Gesin** Weer Nader aan Mekaar

Jim Hohnberger

Kopiereg © 2003 deur
Jim Hohnberger

Alle regte voorbehou.

(Aangepas uit Empowered Living,
kopiereg © Pacific Press Publishing Assoc.,
Nampa, Idaho.  Met toestemming gebruik.)

In Afrikaans vertaal deur
Anita van Deventer

Vir gebruik in die
Transvaal Konferensie

Buitebladontwerp deur Haley Trimmer

# Bring die
# **Gesin** Weer Nader aan Mekaar

## 'N GIDS VAN
## CHRISTELIKE WAARDES


1. ONAFHANKLIKE EENHEDE ……………………………..
2. TYD OM 'N GESIN TE WEES ......…………………….
3. DIE GESINSFIRMA ………………...……………………..
4. GESINSRADE ……………………………...……………..
5. 'N CHRISTELIKE GIDS ……………………...……………


## **I N L E I D I N G**

Die instelling wat in vandag se samelewing die spit afbyt onder die aanval van Satan se woede, is die gesin. Die behoefte aan 'n groot pragtige huis, die twee motors en al die geriewe van hierdie lewe het ons vasgevang in die noodsaaklikheid vir twee inkomstes vir die gesin en gevolglik 'n huislike lewe wat voor ons oë verbrokkel.

Skrywer en spreker Jim Hohnberger en sy vrou, Sally, het die Amerikaanse droom verwesenlik – 'n suksesvolle besigheid, status in hulle kerk, en die gesogte besittings van vandag se moderne dolle gejaag wat egter geen voorsiening gemaak het vir 'n gesinslewe nie. Hulle soektog na ware geestelikheid en die eenvoudige lewe het hulle na 'n wildernisondervinding gelei wat

hulle gesin weer nader aan mekaar gebring het.

---

## HOOFSTUK 1
## ONAFHANKLIKE EENHEDE

*"As 'n huis teen homself verdeeld is, kan daardie huis nie bly staan nie."*

- Markus 3:25

DOEL VAN DIE HOOFSTUK

*Mag ons in die verhale van andere 'n verduideliking sien van wat met die gesin gebeur het en gemotiveer word om hierdie probleme ongeag die koste reg te stel.*

Wanneer ek dit reg kry om terug te keer na my tuisdorp, word my tyd in beslag geneem met gesinsverpligtinge. Ek sien skaars die vriende saam met wie ek opgegroei het. Af en toe loop ons mekaar raak en dan staar ons middeljarige manne na mekaar deur die oë wat ons laas in die fleur van ons lewe gesien het. Ons stel ons gesinne voor en gesels oor die vergange jare en huiwer om te groet omdat ons besef dat so 'n toevallige ontmoeting waarskynlik nooit weer sal plaasvind nie en dat ons nou finaal afskeid neem.

Verlede jaar was egter anders. Ek het 'n betekenisvolle gesprek met 'n ou vriend gehad. Hy het na my gedraai en gevra, "Wat het met ons gebeur, Jim? Ek het my kinders verloor, en dit is nie slegs ek nie, die meeste van ons het. En joune – hulle is nog steeds gelukkig en, wel, onskuldig. Wat het gebeur, Jim?"

Ek het my vriend verseker dat wat met hom gebeur het nie 'n ongeluk of lotsbestemming was nie, maar eerder die logiese gevolg van 'n noukeurige en slinkse bedekte lokval. Ouers en kinders word in hierdie slagyster vasgevang en soos 'n wrede ondier verskeur dit die samestelling van ons gesinne. Ek het aan

hom dieselfde verhaal meegedeel wat ek nou met u breedvoerig gaan deel, die verhaal van *onafhanklike eenhede* en die sameswering om dit te bereik.

---

Die wekker se wanklanke maak dertienjarige Katie Miller wakker. Deur die slaap druk sy die sluimerknoppie vir nog ‘n paar oomblikke van rus. Nadat die wekker driekeer gelui het en afgedruk was, skakel sy uiteindelik die radio aan en sleep haarself uit die bed. Haar aandag word gevestig op die tuiswerk wat sy nie die vorige aand gedoen het nie. Terwyl sy saam met die radio sing, kyk sy na ‘n plakkaat van die kunstenaar; die sanger se kaal bors en stywe broek voeg meer mening by sy woorde oor liefde en skep vreemde verlangens in haar. Sy wonder of haar vriende ook soos sy dink en voel. Met ‘n finale blik na die plakkaat, sug sy verlangend en vestig sy haar aandag op haar werk.

Na ‘n vinnige stort mors sy ‘n frustrerende halfuur terwyl sy probeer besluit wat om te kies om aan te trek vanuit die oorvol klerekas waarin niks is waarvan sy nog hou nie. Sy sluit by die sewejarige Caleb by die kombuistafel aan vir koue graankos. Ma is op die telefoon besig met die kantoor terwyl sy die skottelgoedwasser volpak. Pa se motor is weg, en sy onthou iets dat hy ‘n vroeë verkoopsafspraak het. Daar is geen teken van Nancy, haar ouer suster nie. Sy is seker alreeds weg.

Ma beëindig haar telefoongesprek en lyk gejaag. “Katie, my vergadering is vervroeg. Kan jy toesien dat Caleb op die bus kom voordat jy gaan? As ek nie nou gaan nie, sal ek dit nooit deur die oggendverkeer maak nie.”

“Goed,” mompel Katie, haar mond vol, “maar ek kan nie wag tot sy bus kom nie, omdat myne tien minute voor syne vertrek.”

“Dit is goed so. As jy hom net by die bushalte kry, sal hy

veilig wees vir tien minute.  Ek moet gaan.  Sien jou na veldhokkie."

"Jy beter jou boeke bymekaar kry," sê Katie vir haar broer 'n paar minute nadat Ma weg is.  Daar is geen reaksie nie.  "Caleb, ons moet gaan!"  Stilte.  Sy kyk op en skree, *"Caleb!"*

Hy kyk op van die televisie strokiesprent en gil, *"Wat!"*

"Ons moet gaan, dis wat!"  Sy loop na die TV en skakel dit af. Caleb gaan na sy kamer om sy boeke bymekaar te kry en lyk baie nors en mompel saggies teenoor homself.

Katie haas haar na die bushalte en is skaars op die bus voordat dit wegtrek.  Sy kyk terug na Caleb se verlate klein gestaltetjie.  Hy lyk hartseer en alleen terwyl hy wag totdat sy bus kom.

Skool is 'n warrelwind van aktiwiteite en teen halfvyf is Katie besig om veldhokkie te speel.  Na die spel sien sy haar ma by die parkeerplek stilhou.  Opgewonde hardloop sy om haar te ontmoet, met die hoop om al die nuus van die dag met haar te deel, maar Ma is besig op haar selfoon om die aand se aktiwiteite met Pa te reël.  Caleb is alreeds by sy naskool program, maar sal teen vyfuur klaar wees.  Ma jaag om Katie by die musiekonderwyser af te laai, sodat sy betyds kan wees om Caleb op te laai.  Dit is aan die anderkant van die dorp, en dit is dus onmoontlik om in die spitsverkeer terug te kom om Katie op te laai, daarom sal Pa haar dus oppad huistoe oplaai, en hulle sal dan Ma en Caleb by die ortodontis ontmoet.

Later, met die draadjies om haar tande weer stywer getrek, het Katie nie baie lus vir eet nie.  Sy eet slegs 'n roomys by die kitskosrestaurant.  Terwyl haar gesin eet, lees sy 'n paar bladsye van 'n roman wat 'n vriend vir haar geleen het.

Die gesin kom lank na sononder by die huis.  Dit is twaalf uur sedert Katie die huis verlaat het, en nou is daar tuiswerk om te doen.  Sy werk in haar kamer, waar haar aandag afgetrek word

deur haar musieksentrum en sy kort-kort onderbreek word deur telefoonoproepe van haar vriende.  Sy neem ‘n kort ruskansie om na haar geliefkoosde televisieprogram te kyk en suig aan ‘n dieet koladrankie.  Sy is bekommerd oor haar gewig.  Dit is so moeilik om skraal te bly.

Teen elfuur is haar tuiswerk klaar en begin sy met haar beste vriendin oor die telefoon te skinder.  Wanneer Ma “goeienag” roep deur die toe deur van haar kamer, doen sy nie moeite om te antwoord nie.  Met haar oë op die plakkaat is sy te besig om vir haar vriendin te vertel hoe sy sommer sal “dood neerval” as sy “hom" in lewende lywe kan ontmoet.

*Katie Miller is ‘n skuilnaam, maar sy verteenwoordig menige jeug wat vandag saam met, maar eintlik apart van hulle gesinne woon.  Sonder ‘n opsetlike keuse het hulle slagoffers geword van die grootste Trojaanse perd wat nog ooit aan die mensdom geskenk is.  Op baie maniere is ons net soos die antieke Grieke, ons word die slagoffers van dinge wat waardevol, reg en opvoedkundig lyk.  Dit lyk asof ons magteloos is om te besef dat die dinge wat ons aanhang, presies dit is wat ons wil vernietig. Dit is geen toeval dat die lewe in die 21ste eeu ‘n gedurige en nimmereindigende gejaag is na dinge wat ons die meeste van die tyd ontwyk. Waarom?*

---

Kom ons keer terug in die geskiedenis na ongeveer die einde van die Tweede Wêreldoorlog.  Te midde van ‘n pragtige plantasie bome, waar die hange van die heuwels ‘n natuurlike amfiteater vorm, is ‘n opvallend aansienlike wese besig om ‘n groep van sy volgelinge toe te spreek.  Met ‘n diep, verhewe stem en koninklike houding, neem Satan sy hoofduiwels in sy vertroue. “Gesinne!” bulder hy en stap heen en weer voor hulle.  “Ek beheer die grootste deel van hierdie wêreld, maar ek kan nie die

helfte tot stand bring van wat ek graag wil nie, as gevolg van die armsalige gesinne! Ons gaan 'n einde hieraan maak!

"Ons moet versigtig beplan. Sedert daardie eerste huwelik in Eden, het gesinne oorloë, hongersnode, politieke en sosiale onrus verduur. Te midde van al die omwentelinge in die samelewing, gaan die gesinseenheid voort om te funksioneer. Ons het dit beslis al benadeel, maar dit bly nog steeds, hoe onvolmaak ookal, soos 'n beskadigde, maar nog steeds sterke vesting wat die lede teen 'n duisend kanale van ons invloed beskerm. Ons moet dit verander! Gesinne kan nooit ten volle uitgewis word nie, en daarom moet ons hulle beskermende invloede ondermyn, terwyl ons die omhulsel ongeskonde en blykbaar gesond laat. Ons moet die lede van die gesin in soveel dele verdeel dat hulle soos *onafhanklike eenhede* is. Ja-nee, ek kan dit nou alles sien," grinnik hy met diaboliese genot. "Die uitvoering van hierdie taak sal al ons geslepenheid vereis en die geduld om dekades vir die resultate te wag … maar dit *sal* die moeite werd wees.

"Bring eerstens vir hulle welvaart! Welvaart was nog altyd ons bondgenoot. Die kerk het nog nooit goed gevaar onder die invloed daarvan nie. Kom ons probeer dit nou met die gesin. Laat hulle hulle klem op aardse dinge plaas. Laat hulle sukses behaal en welvarend wees. Laat hulle na groter en beter huise in die voorstede trek. In hierdie nuwe omgewings sal hulle ongegrond wees; daar sal geen grootouers naby wees wat moontlik ons subtiele insypeling kan waarneem nie. Menige van die vrouens wat noodgedwonge in groot getalle tydens die oorlog moes werk, sal nog steeds bereid wees om aan te hou, en nog baie ander sal vrywillig instem om ook te gaan werk. Elke oomblik weggesteel van hulle gesinne, is 'n oorwinning en sal die weg voorberei vir ons plan.

"Met die ontwikkeling van die vervoerwese wat reise

vergemaklik, moet ons reise weg van die huis insluit as deel van die pligte van vele, veral bestuursamptenare. Indien hierdie vername leiers hierby aanpas, sal hulle besighede ook. Kan julle sien hoe dit gaan ontplooi?" vra hy vir sy volgelinge.

"Onder druk om te vergoed vir verlore tyd, sal mense dit verkry wat hulle ouers vermy het, *skuld!* En saam met 'n strenger ekonomie, sal skuld geboorte gee aan die moderne noodsaaklikheid vir twee inkomstes vir die gesin. Dit sal die eerste geslag wees wat die huis sal verlaat om 'n *lewenstyl* te handhaaf, eerder as die lewe self.

"Nuwe en beter medisyne en tegnieke, wat 'n goddelike menslike ras kan bevoordeel, sal slegs gesonder sondaars tot gevolg hê. Die ontwikkeling van medisinale geboortebeperking sal die pas aangee om hulle sedelike gedrag dramaties te verander, en hulle sal *nooit* van die uitwerking daarvan herstel nie. Dit is net wat ons wil hê." Satan lag en gaan dan voort.

"Jongmense sal afgesonder wees van hulle ouers deurdat die skool nie slegs vir opvoedkundige ontwikkeling verantwoordelik sal wees nie, maar ook hoofsaaklik vir hulle sosiale omgang. Items van gemeenskaplike belang soos danse, voorheen belangrike gesinsgeleenthede, word aan die skole oorgelaat. 'n Nuwe dekade sal nuwe musiek meebring, en die 'lekker tye" van ruk-en-pluk danse sal jongmense betower. Vir die eerste keer sal musiek, die krag wat gedeel was om die gesin te verenig, 'n skeidingswig inslaan tussen die geslagte en as ons versigtig te werk gaan, kan dit vir ewig wees.

"En televisie," sis die groot aartsvyand, "ons *sal* televisie beheer. O, dit sal in die begin heel onskuldig en aantreklik voorkom. Ons sal dit laat begin met pret en gesofistikeerde programme. Net soos die *Rottevanger* sal ons hulle op die weg van vernietiging lei. Jongmense wat opgroei in 'n kultuur waar 'n geloofsvorm meer aanvaarbaar is as die wese van godsdiens, sal

hulle ouers se geloofstelsels verwerp en vervulling soek in sensuele lewenstyle en sosiale aktivisme. Meer verenig deur hulle afsku met bestaande toestande as met ‘n duidelike toekomsvisie, sal hulle byna enige konsep aanvaar wat heeltemal in teenstelling is met die ‘normale’ gedrag wat hulle in hulle ouers se lewens as skynheiligheid beskou. Musiek en dwelms, kommunes en kommunisme, sowel as vrye liefde en ongebondenheid sal die insig van ‘n geslag en die sienswyse van die wêreld verander.

“Onder ons bekwame aanslag, is dit nie slegs die wankelrige huwelike wat sal misluk nie, maar ook die skynbare sterkeres. Hertroues sal so algemeen word,” sê hy ligsinnig, “dat gemengde gesinne net nog meer spanning sal veroorsaak, en dus die kanse op sukses nog verder sal verswak. Al hoe meer sal ouers die ekonomiese druk ervaar om meer te verdien en langer te werk.

“As die hoogtepunt, versoek dan die toonaangewende leiers in die land om die wet te oortree en dit dan met leuens te verberg. Onthul dit dan voor die mense met al die afgryslike detail sodat hulle vertroue in die landsbestuur geskud word en die regering gedwing word om te bedank. Dit sal ‘n chaotiese toestand skep, en te midde van die ontevredenheid, sal die mense uitvind dat die ou standaarde wat die grondslag gevorm het vir hulle gedrag, opsy gestoot is, en hulle rigtingloos op die gety van kulture verandering laat.

“Julle sien, die mense sal so verneder en ontevrede wees daaroor dat hulle heeltemal onbewus sal wees van die duisternis waarin ons hulle gaan dompel. Die omwenteling sal hulle ontwrig. Ons moet nou egter versigtig voortgaan, anders kan hulle heel bewus word van die gevaar en soek om na *God* terug te keer,” en hy spuug die naam met heftige afkeer uit. “Laat daar moeilike tye oor hulle kom. Dit sal hulle aandag aftrek. Dit sal nie slegs beide ouers aanmoedig om te werk en verder druk op die

gesinseenhede te plaas nie, maar dit is ook ‘n puik rookskerm vir die volgende fase van ons aanval.

“Dan sal ons die menslike wese gebruik om hulle te verlei tot sonde en afgodery, net soos wat ons met antieke Israel gedoen het, maar ons sal die program versnel en die proses vinniger laat plaasvind.  Elke televisieprogram, tydskrif, en advertensiebord sal deurdrenk wees met beelde wat onkuise gedagtes aanwakker. Rolprente sal openlik onkuise tonele toelaat, en ons sal die vervaardigers aanmoedig om dit skaamteloos te vertoon, want dit is deur ‘aanskouing’ wat die morele raamwerk van die samelewing begin om afgetakel te word.

“Terwyl ons hulle al hoe meer onder stres plaas en ontwrig deur die sorge van die lewe, rig hulle fokus op die toekoms met vergeefse hoop dat indien hierdie of daardie tydelike probleem verby is, hulle die pas sal verlaag, en dan sal tyd hê.  Dit is alles ‘n droombeeld.”  Satan se afgryslike gelag sweef oor die byeenkoms.  “Dit sal nooit gebeur nie, en om seker te maak, moet ons altyd een voor hulle bly deur die voorbereidingswerk te doen vir ‘n nuwe wêreldwye rekenaarstelsel wat uiteindelik die pas nog verder sal versnel.

“Die ontstaan van die internetsamelewing sal as ‘n seën beskou word deur hierdie gejaagde individue, wat nou nie slegs op diegene rondom hulle moet reageer nie, maar ook tallose briewe, telefoonoproepe, booskappe, en e-posse moet beantwoord.  Tyd is die wapen om teen hulle te gebruik.  Gee hulle wagtyd vir ‘n oproep, sodat wanneer hulle deur ‘n telefoonoproep onderbreek word, hulle onderbrekings nog ‘n ander onderbreking kan hê.  Lagwekkend, is dit nie?”  verneem Satan, en sy trawante giggel alwetend.

“Paartjies sal so oorweldig wees dat hulle niks meer sal word as skepe wat in die nag by mekaar verby vaar nie.  Met geen tyd vir ware intimiteit nie, sal hulle onvervulde behoeftes neig om

hulle na enige strooihalmpie te laat gryp vir vervulling. Kinders, voorsien van voedsel, klere en hope speelgoed, sal amper soos weeskinders voel in hulle eie huise. Ontneem van die liefdevolle aandag van ouers, wat hulle geboortereg behoort te wees, word hulle gelaat om na hulleself om te sien en spandeer al hoe meer tyd saam met hulle portuurgroep – alles omdat Ma en Pa te besig is.

“Die gesin, eens die grondslag van die gemeenskap, sal verkrummel, en daarmee saam sal die raamwerk van die beskawing begin om ineen te stort. O, die ‘gesin’ sal nog steeds behoue bly, maar soos wat ‘n boom verrot van binne, sal sy krag weg wees en slegs die dop sal oorbly. Nou raak alles aanvaarbaar, behalwe vir die outydse bybelse standaarde, en dit is net hoe ons dit wil hê.” Satan glimlag met ‘n tevrede sug. “Die paar wat aan sulke *verouderde* geloofsoortuigings vasklou, word gesien as verstandelik ongebalanseerde dwepers of dwase, wat bejammer of geminag moet word deur die meer ingeligte lede van die samelewing.”

‘n Skugter hand word agter in die skare opgesteek. “O magtige leier,” begin ‘n lojale dienskneg huiwerig, “die mense wat aan my toegewys is, sal nie vir daardie lokvalle swig nie. Ek het die *opregte* godsdienstiges,” mompel hy minagtend.

“Jy’s bekommerd oor *hulle*?” antwoord die groot leier veragtend. “Hulle is gladnie ‘n probleem nie … net so liggelowig soos die res, maar ek het in elk geval iets spesiaal vir hulle in gedagte. Ons sal hulle eie kerke teen hulle gebruik,” gaan hy selfvoldaan voort. “Terwyl ons die wêreldse karakters in versoeking bring om so besig te wees met hulle najagings, raak die kerklidmate te besig met *goeie* werke – te besig met evangelisasie, met pastorale pligte, met uitreiking, met teologiese geskille en sosiale aktivisme. Dit maak gladnie saak dat hierdie ‘goeie’ aktiwiteite is nie. Maak slegs seker,” beveel hy die duiwel

wat die vraag gevra het, “dat hulle geen tyd het om introspeksie, stille oordenking, of die ergste van alles, kommunikasie met God te hê nie,” sê hy spottend, tydelik van stryk af. Toe hy bedaar het, gaan hy voort. “En so, my vriende, gaan lei julle krygsmag tot oorwinning.”

---

Met verloop van tyd het die weerklanke van hierdie demoniese spitsberaad verflou en ons slegs gelaat met die resultate om te ontleed. Die duiwel se plan was suksesvoller as wat hy ooit gedroom het dat dit sou wees. Vandag se gesinne is maar slegs ‘n flou skadubeeld van wat hulle behoort te wees. Om tyd as ‘n gesin saam deur te bring, bestaan feitlik gladnie. Selfs die uurtjie om gesinsaandete saam te geniet, is iets van die verlede in die meeste huise, en waar dit wel bestaan, is televisie deel daarvan.

Materialisme verteer nie slegs die wêreld nie, maar ook selfs sogenaamde Christelike huise. Ek is so besorgd oor hierdie mense, omdat hulle my herinner aan die lewe wat ek eens gelei het. Ek wens julle kon my huis en besittings van jare gelede gesien het.

Ek onthou veral een besonderse jong gesin. Hulle was so gestrem deur die laste van die lewe en heeltemal gestuit in hulle pogings om ‘n manier te vind om meer tyd saam met hulle kinders deur te bring. In reaksie op hulle pleidooi vir hulp, het ek vrae begin vra.

“Jy werk, nie waar nie?” het ek vir die vrou gevra. “En dit is so dat julle twee motors het?” Hulle het albei geknik. “Julle het ‘n pragtige groot huis, nê?”

“Dis reg,” het die man geantwoord.

“En die huis is pragtig gemeubileer, is dit nie?”

“Ja, altyd die beste,” het die vrou erken.

“En nogtans sê julle vir my dat julle nie tyd het om julle kinders vir God groot te maak nie.”

“Dit is presies waar ons staan,” het die man van die gesin erken.

“Wel, hier is wat julle moet doen. Jou vrou behoort haar werk onmiddellik te bedank. Verkoop die tweede motor en duur meubels. Verkoop julle huis en gebruik die opbrengs om na die platteland te trek en koop ‘n klein huisie of selfs ‘n stuk grond met ‘n voorafvervaardigde woning om in te woon.”

Dit is makliker om God se stem in ‘n natuurlike omgewing te hoor; daar is eenvoudig minder dinge om die aandag af te trek, maar hulle kon die ondervinding waarna hulle gesoek het op enige plek ervaar, *indien* hulle gewillig was. Plattelandse lewe is baie eerder ‘n gemoedstoestand as ‘n plek. *Nee, nie almal hoef na ‘n wildernisgebied te trek nie, maar almal het ‘n wildernisondervinding nodig.*

“Doen wat dit ookal verg,” het ek die man aangemoedig. “Maak net seker dat jy nie skuld het nie. Dan kan jy jou werksure tot die minimum beperk, en jy sal die tyd vind wat jy nodig het om aan jou gesin te wy.”

Teen die tyd wat ek klaar was, kon ek dit op hulle gesigte sien. Ek het die kern van hulle waardestelsel blootgestel. Sou hulle instem om in ‘n *karavaan* te woon, indien dit was wat dit geverg het? Toe hulle weg is, was hulle nog steeds in stryd om te besluit oor watter ideaal hulle die graagste wou hê.

Vandag se gesinne verbrokkel omdat ons dit toelaat. Ons glo die duiwel se leuen dat ons sekere dinge moet doen en ‘n sekere bedrag geld moet maak, sodat ons vir ons kinders die tipe lewenstyl kan voorsien wat ons voel hulle verdien. Ons is dwase indien ons glo dat *dinge* belangriker is vir ons kinders as wat ons *tyd* is.

Hoe gaan dit in u huis? Haas u soggens by die voordeur uit

en jaag die hele dag beuselagtighede na? Voel u soos Ma se taxidiens terwyl u kinders van die skool na sport, dokters, skoolaktiwiteite, of ‘n vriend se huis karwei? Hoe dikwels het u deur eindelose tuiswerk opdragte geworstel, uitgegee in reaksie op ouerlike versoeke na meer en beter opvoeding, en dan besef dat hulle beide u en u kind beroof van die vreugde van samesyn? Is daar enige tyd oor om ‘n gesin te wees? Weet u werklik wat in u kind se hart omgaan?

Indien u nie gelukkig is met u antwoorde op hierdie vrae nie, het u en u gesin die slagoffer geword van die duiwel se plan. Hy wil u van mekaar skei om sy doel te bereik. Hy wil u gesin in onafhanklike eenhede verdeel. Slegs u kan sy planne dwarsboom, en die geheim daarvoor is om op te hou om sy speletjie te speel. U sal altyd verloor.

Satan se sinsbedrog is dat ons gemanipuleerde lewens beperkte opsies het. Vra vir God wat Hy wil hê dat u moet doen. Hy het *altyd* ‘n manier beskikbaar. Ontdek Sy planne vir jou gesin en neem dan stappe om Sy plan uit te voer, ongeag van hoe ver weg u uself ookal bevind. Maak God se hande los sodat Hy u kan seën. Wees gewillig om op te tree op die manier wat Hy aanwys. U kan verseker wees daarvan dat Hy u voetstappe in die toekoms sal rig.

---

Wel, wat van daardie gesin wat ek gelos het om met hulle keuse te worstel? Ek het vir ‘n geruime tyd nie van hulle gehoor nie, maar heelwat later was ons in hulle omgewing, en het ons ‘n verrassingsbesoek by hulle huis afgelê. Dit was na sononder toe ons daar aangekom het, en daar was die man besig om ‘n nuwe sifdeur te installeer. Hy het geskok na ons opgekyk. Ons was die laaste mense wat hy verwag het.

Ek kan byna nie woorde vind om vir u te beskryf wat ek

ervaar het toe ek in daardie huis ingestap het nie. Daar was ‘n rustigheid in die huis en ‘n eenheidsband tussen man en vrou. Die kinders het waarneembare verbetering in hulle gedrag getoon sedert ons mekaar laas gesien het. “Wat het gebeur?” kon ek uiteindelik vra.

“Ons het begin gesinsgodsdiens hou, Jim, en ook om tyd saam te spandeer as ‘n gesin,” het hy breed geglimlag.

“En die nuwe deur?”

“Ons herstel die huis om dit te verkoop.”

Daardie gesin het die besluit gemaak. Hulle het besluit om hulle gesin eerste te stel, bo enige ander oorweging, en hulle huis het openlik die aanvang van ‘n vreugde-oes weerkaats. Vergesel my terwyl ons maniere ondersoek om u huis in ‘n rotsvesting so sterk en magtig te verander dat dit nie die hol gebrul van ‘n verslane vyand hoef te vrees nie. Mag God Sy planne vir u gesin rig terwyl ons tesame ondersoek instel van hoe om saam tyd te spandeer as ‘n gesin. Hierdie is voorwaar die sleutel tot u kinders se harte, ongeag van hulle ouderdom.

## HOOFSTUK 2
## TYD OM ‘N GESIN TE WEES

*“En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie.”*

\- *Maleági 4:6*

DOEL VAN DIE HOOFSTUK

*As u ‘n gesin het of dit selfs oorweeg om een te hê, weet u dat dit geen maklike taak is om suksesvol te wees nie, maar enigiemand kan as hy wil. Dit neem ‘n toegewyde belegging van tyd om ‘n gesin te wees.*

Hier volg Mark se verhaal:

“Die sifdeur het gekraak terwyl dit oopgaan, en die pynlike kreun van protes het in ‘n skerp slag geëindig terwyl die vere dit laat toeklap het. Indien ek oud genoeg was vir sulke gedagtes, sou ek in daardie ou deur ‘n toepaslike voorstelling van my gesin gesien het, wat vir die buitestaander so goed en funksioneel voorgekom het, en die wêreld selde toegelaat het om die klanke van lyding daarbinne te hoor.

“Te jonk om ten volle te begryp wat ek alles verloor het met die dood van my moeder en nie in staat om my vader se toenaderings te vermy nie, het ek niemand gehad aan wie ek die laste van my jong hart kon toevertrou nie. Ek sou dus daardie ou deur wat na die agterplaas gelei het, oopmaak, en ‘n gemaklike plekkie op die grasperk kry om vir wat vir my soos ure gevoel het, daar op die gras te lê en na die wolke te staar. Geleidelik sou ek rustig raak. Ek het geen praktiese kennis van God of selfs godsdiens gehad nie, maar dit was gerusstellend om daar buite

op daardie sagte tapyt van groen te lê en om na die wolke te staar. Daar het ‘n liefdevolle iemand vir my omgegee, met my gepraat deur stille indrukke in my gedagtes. Sy liefdevolle stem was so aanloklik vir my in my onbeminde toestand dat ek nooit die geluid of die betekenis van Sy woorde vergeet het nie, die heel eerste in my lewe wat getoon het hoe ‘n liefdevolle vader kan wees. Ek het dikwels my toevlug na die grasperk geneem en daardie troostende teenwoordigheid was altyd daar vir my.

“Soos wat ek ouer geword het en die lewe selfs meer chaoties geraak het, het hierdie stil tye van oordenking ‘n deel van my verlede geword, nie langer meer bewustelik gesoek nie, maar tog nie heeltemal vergete nie. Die herinneringe was oorweldig in die stryd vir oorlewing wat my lewe gekenmerk het.

“Gebore as die derde van vier kinders, was ek my vader se eerste seun. Met twee ouer susters, was dit te verstane dat ek baie bly was toe ‘n baba boetie aangekom het met wie ek kon speel, maar die sorgvrye dae van kindwees, was oorskadu toe my moeder met borskanker gediagnoseer is. Sy het geleidelik verswak, totdat sy op die ouderdom van ses-en-dertig jaar gesterf het, toe ek slegs agt jaar oud was. So tragies as wat my moeder se dood was, was die verandering in my vader, aangespoor deur haar siekte, selfs erger.

“Nadat my moeder begin siek word het, het my vader my begin molesteer, ‘n patroon wat vir jare sou aanhou en wat ek uitgevind het ook my ander broer en susters ingesluit het, al het nie een van ons in die begin geweet van mekaar se ondervindings nie.

“Na Ma se dood, het Pa die meisies na familielede in New Jersey, V.S.A. gestuur en ek en my broer het by ‘n vriend van die familie in Missouri, V.S.A. gaan woon. Dit behoort ‘n welkome verposing te gewees het, maar alhoewel moeilik om te glo, het ‘n vriend van hierdie gesin voortgegaan met die patroon van

molestasie net daar waar my vader opgehou het.

“Terwyl ons in Missouri gewoon het, het my broer siek geword en spoedig is daar uitgevind dat hy leukemia gehad het. Toe my vader hiervan gehoor het, het hy kom kuier en kort daarna het hy aangekondig dat hy weer gaan trou en van plan is om sy gesin weer te verenig.

“Ons nuwe stiefma het vier kinders van haar eie gehad, en terwyl enige gesin van tien die aandag van nuuskieriges sou trek, was dit soveel interessanter om ons gesin dop te hou as gevolg van die ooglopende gesondheidsprobleme van my broers. Teen hierdie tyd het my broer behandeling ondergaan vir sy kanker en het hy sy hare verloor. As gevolg van die medikasie wat hy moes gebruik, was sy liggaam gedurig opgeswel en pofferig. Een van my stiefbroers was serebraal gestrem en ‘n ander een het ‘n oorerflike hartdefek gehad wat met die oksiginering van sy bloed ingemeng het, en sy vel ‘n sigbare pers blekerigheid gegee het. Nodeloos om te sê dat wanneer ons as ‘n gesin saam uitgegaan het, dit moeilik was om ons *nie* raak te sien nie.

“Nogtans het my gesin, ten spyte van die eienaardighede, vir die buitestaander heeltemal aanvaarbaar gelyk. Dit was gedeeltelik te danke aan my vader se inkomste. As ‘n ingenieur was hy ‘n departementshoof van ‘n groot Amerikaanse maatskappy waar hy ‘n baie goeie salaris verdien het. Ons het in een van die grootste huise in die buurt gewoon, beide te danke aan my Pa se inkomste, en die behoefte daaraan om agt kinders te huisves. Wat niemand kon sien nie, was dat agter die deure van daardie pragtige huis en in daardie skynbare stabiele gesin het die bewoners ‘n helse bestaan gevoer.

“Dit is moeilik vir iemand om te verstaan wat nie in ‘n huis opgegroei het waar jy misbruik word nie, dat fisiese mishandeling of selfs onbehoorlike fisiese intimiteit nie die gees so verwond soos die geestelike mishandeling wat so dikwels daarmee

gepaard gaan nie. My vader het aangehou om my vir baie jare te molesteer. Dit was egter die wreedheid van sy opmerkings wat die patologiese boosheid openbaar het wat iemand motiveer, wat ‘n gerespekteerde persoon en tot die voordeel van baie in die wêreld kon wees, om te verval tot ‘n hartelose man met duistere begeertes. Ek het groot geword sonder om ooit die woorde ‘Ek het jou lief’ te hoor, behalwe in die konteks van sy dierlike aktiwiteite.

“My jonger broer en ek was tipiese kinders. Ek het my jonger broer baie geterg. Toe hy dood is, het my vader my baie seer gemaak deur te sê dat dit my tergery en spelery was wat tot sy dood bygedra het. Ek het uitgeblink in sport en het gewens dat iemand my sou komplimenteer, maar niemand het omgegee nie. Niemand het ooit na my wedstryde gekom nie. Ek het die bitter trane van verwerping geken. Soos wat ek ouer geword het, was die direkte fisiese mishandeling vervang deur ‘n gedurige en nimmereindigende vrees van verwerping. Met elke aktiwiteit wat nie aan ouerlike vereistes voldoen het nie, het dreigemente om die huis belet te word altyd op die agtergrond geskuil. My suster is op ‘n vroeë ouderdom uit die huis gejaag en so gou as wat ek kon, het ek by die Vloot aangesluit en dit was daar waar my lewe begin het om ‘n ander rigting in te slaan.

“Ek het daarvan gehou om ‘n seesoldaat te wees. Ek was fisies fiks en akademies was ek die beste in my klas. Ek was uitgenooi om die U.S. Naval Academy by te woon op grond van my leierskappotensiaal en uitstaande akademiese rekord, asook my eerste plek op elke gebied van basiese opleiding. Sommige mense worstel met die vereistes van die militêre lewe, maar ek het floreer. In vergelyking met my stryd vir oorlewing tuis, was dit maklik! Daar was duidelik verstaanbare reëls en verwagtinge, sowel as duidelike belonings vir prestasie. In vergelyking met my vader, was die offisiere, al was hulle nie vriendelik nie, beslis

regverdig.  Dit was nie lank voordat ek my opleiding voltooi het nie en ek as ‘n lugverkeerbeheerbeampte in die pragtige Hawaii begin werk het.

“Ek het gevoel dat ek – uiteindelik – dit gemaak het!  Ek het ‘n werk gehad wat ek geniet het, genoeg geld vir my behoeftes en ek het ‘n hele paar baie aantreklike dames uitgeneem, insluitende ‘n paar modelle.  Ek het al die lewe se plesiere geniet, insluitende dwelms, wat selfs al was dit onwettig, geil in daardie tropiese paradys gegroei het.  Ek het ‘n aantal ouens geken wat dagga gerook het, en ek het besluit dat dit ‘n goeie besigheidstransaksie sou wees om aan hulle te verkoop, aangesien ek in elk geval my eie voorraad moes verkry.  Ek het begin om die soet, met harpuis besmeerde blare wat effens verrot geruik het, te verpak en het ‘n goeie wins gemaak.  Ek het nie op straat verkoop nie en het myself nooit as ‘n “dwelmhandelaar” beskou nie.  Ek het slegs die lewe geneem soos dit gekom het en vir die eerste keer selfvoldaan gevoel en gedoen wat ek wou doen.  Hoe lank hierdie lewenstyl sou geduur het, sal ek nooit weet nie, omdat ‘n vriend van my my genooi het om saam met hom op ‘n motorfietsrit te gaan.  Ek was nog altyd baie lief vir motorfietse en het die geleentheid aangegryp …”

---

Laat ek Mark se verhaal onderbreek.  Nadat u gehoor het van Mark se geskiedenis van misbruik, en met die wete dat die kanse goed is dat hy in sy vader se voetstappe sou volg en iemand sou word wat andere misbruik, sou u vergewe word indien u hom nie as u vader wil hê nie.  Ek besef dat min huise en gesinne so vernietigend soos Mark s’n is, en tog is daar selfs minder huise waarin die gesinslede mekaar liefhet en werklik saamgebonde is as ‘n gesin.  Dit is verbasend dat God se oplossings vir ons gesinne baie eenvoudig en doeltreffend is.  Met

die verloop van jare het die duiwel subtiel daarin geslaag om ons tyd weg te steel – die een element wat onmisbaar is indien ons uitsonderlike gebonde en liefdevolle gesinne wil hê. Die goeie nuus is dat ons nie nodig het om die prooi te word van ons vyand se plan nie. Kom en ontdek saam met my hoe ons *tyd* kan hê om 'n *gesin* te wees.

Vandag se gesinne word gedruk vir tyd. Met almal gedurig aan die gang en met so baie klem wat geplaas word op aktiwiteite van belang vir kinders, het ons begin om alles van ritjies na die tandarts tot buitemuurse sport as gesinsaktiwiteite te beskou. Die media het 'n groot rol gespeel om hierdie mite te versterk deur verslag te doen dat moderne ouers meer tyd saam met hulle kinders deurbring as vorige geslagte. Slegs af en toe erken hulle dat hierdie vermeerdering dikwels die gevolg is van tyd wat in die motor deurgebring word deur kinders na ander aktiwiteite te vervoer. Die idees dat gesinne tyd sal afsonder, slegs vir die loutere genot om mekaar se geselskap te geniet, lyk so verouderd en uit die mode soos daardie ou swart en wit televisieprogramme wat die tradisionele gesinseenheid uitbeeld. Selfs die mees aktiewe voorstanders van tradisionele gesinstruktuur wil nie regtig terugkeer na daardie dae van emosioneel afsydige mans en vaders nie, ook wil hulle nie die beperkte geleenthede vir vrouens, die afsondering van minderheidsgroepe en al die ander sosiale ongelykhede van daardie tyd, hê nie. Inderwaarheid verlang ons na die hegte gesinseenhede en die versekering wat daarmee gepaard gegaan het om te weet dat dit waardevol en betekenisvol is om 'n lid van so 'n gesin te wees.

Wat is dit wat 'n gewaarwording voorsien van 'n gesin? Baie dinge dra by, maar niks soveel as die belangrikheid van tyd nie. Dit is nie voldoende om die tyd af te staan om 'n gesin te wees slegs met vakansies of wanneer dit gerieflik is nie. Hierdie spesiale afgesonderde tyd laat almal toe om met mekaar te bind,

nie slegs in die beplande aktiwiteit nie, maar ook om uit te sien na daardie spesiale tyd.  Indien u die harte van u gesinslede nader aan mekaar wil bring, sal daar ten minste eenkeer ‘n week tyd moet afgesonder word wat geheel-en-al hulle s’n is, tyd wat u beplan, skeduleer en ten alle koste beskerm teen enige aktiwiteite wat daardie spesiale oomblikke van u sal steel.

Hoe meer u gesin uitmekaar gedryf is hoe meer tyd sal u nodig hê om die brûe te herstel en te bou en tog sal u, ironies genoeg, heelwaarskynlik meer teenstand van u gesinslede ondervind.  Indien u gesin werklik seer kry, druk vir meer tyd, nie minder nie.  Wees egter gewillig om toegewings te maak en iets te onderhandel wat vir almal sal werk.  Die meeste gesinne probeer om ‘n gedeelte van die aandure opsy te sit vir hulle gesinstyd.  U kan omtrent enige tyd gebruik wanneer die gesin bymekaar is.  U kan selfs ‘n deel van die naweek opsy sit.  Die tyd kan so kort as ‘n halfuur wees of so lank as ‘n paar ure.  Maak dit net ‘n gereeld geskeduleerde deel van u lewe, en spoedig sal u ‘n gewoonte aankweek, ‘n tradisie wat niemand sal wil verbreek nie.

Om dit te doen, sal sekerlik ‘n mate van opoffering vereis.  U sal sommige sosiale aktiwiteite moet prysgee en u kinders sal dalk hulle vriende se uitnodigings om te kom kuier van die hand moet wys, maar bowenal, daardie eindelose “dinge om te doen” lys moet heeltemal geïgnoreer word.  Indien u egter gewillig is om die belegging te maak, sal dit die moeite werd wees.

As u kinders ouer is, sal hulle dalk beswaar maak om tyd met Ma en Pa deur te bring, maar hou vol, wetende dat dit slegs u gebrek aan vriendskap in die verlede is, wat hiervoor verantwoordelik is.  Hulle besware is die belangrikste bewys dat u besig is om hulle harte te verloor.  Onmiddellike optrede is nodig.

U het dus nou besluit dat u gesinstyd nodig het.  Wat doen u nou?  Inderwaarheid is enigiets beter as wat u tot dusver gedoen het – niks!  U aktiwiteite sal wissel volgens die ouderdom en

geaardheid van u kinders.  Die ideaal is dat ontspanning van so ‘n aard behoort te wees dat dit die doel van geestelike groei wat u vir u gesin het, sal ondersteun.    Speletjies wat kompetisie aanmoedig en ‘n “eie-ek” in een kind kan opbou en mismoedigheid in ‘n ander, behoort verruil te word vir meer opbouende speletjies waar almal kan speel en pret kan hê, of hulle nou goed vaar of nie.

Toe ons kinders klein was, sou ons inkleur, goed in die sandkas bou, en met modelleerklei speel of vingerverf.  Begin deur pret te hê en pret te wees.  As u klein dogtertjie ‘n teepartytjie wil hou, waarom hou u dit nie saam met haar nie? Watter klein kindjie hou nie daarvan om Pa vir ‘n perd te gebruik nie?  En deelname is die sleutel.  Ek het baie klein kindertjies in die arms van Ma of Pa dopgehou wat vrolik vet armpies uitsteek om iemand aan te raak in ‘n speletjie waarvoor ons lief was, die aan-aan spel!

Wat kan u ook nog doen?  *Lees.*  Laat die kleineres met blokkies op die vloer speel, terwyl die ouer kinders teken of help om te lees.  Betrek elkeen in die bespreking van wat u lees en vra vrae.  Kies boeke wat interessant is en die karakter bou.  Wees kreatief.  Neem ‘n boek op band op vir lang motorritte.

‘n Ander wonderlike gesinsprettyd kan spesiale projekte wees!  Het u seuns of dogters wat ‘n boomhuis wil bou, ‘n staproete wil uitlê, of ‘n houtwerkprojek wil voltooi?  Werk word ‘n speletjie wanneer dit iets is wat hulle wil doen en u gewillig is om die tyd en poging aan te wend om dit moontlik te maak.

Swem, kanovaart, om met binnebande in die rivier af te roei, voetslaan, bergklim, fietsry en grotkruip, kan in die somermaande onderneem word.  Waar dit in die winter sneeu, is slee-ry, ski, die bou van sneeumanne of sneeuhutte, igloo’s, of sneeu-gly wonderlike buitemuurse aktiwiteite wat nie kompeterend hoef te wees nie, maar nog steeds tog tyd vir die gesin sal voorsien om

hegter verbintenisse te vorm en dikwels te gesels. Baie gesinne gooi ‘n rugbybal rond, speel sokker of bofbal sonder om telling te hou. Pluimbal, vlugbal, wegkruipertjie en Ek sien, is ander opsies, maar die lys is so eindeloos soos u verbeelding.

Deur met ons kinders te speel, bind ons hulle harte aan ons s’n met ‘n goue draad van liefde, maar soos ‘n enkele vesel in ‘n tou, is een nie genoeg om ‘n blywende verbintenis te maak nie. Ons moet dus seker maak dat ons elke week vesels by ons toue van liefde voeg totdat daar so baie is dat ons dit nie kan tel nie en die band tussen ons kinders en ons sterk, stewig en feitlik onbreekbaar is.

Gesinne wat hierdie program probeer, sê herhaaldelik dat dit werk, maar baie begin goed en laat dit dan verwaarloos omdat die sorge en probleme van die lewe hulle pogings oorheers. Kinders weet instinktief wanneer hulle voorkeur geniet of nie. Wanneer hulle weet dat hulle vir Ma en Pa belangriker is as enigiets anders, word hulle oorheers deur gevoelens van sekuriteit en liefde.

Nog steeds nie oortuig nie? Wel, dit is u reg om skepties te wees. Miskien lyk hierdie program om tyd saam met u kinders deur te bring net te eenvoudig, nie waar nie? Wel, kom saam met my op ‘n besoek aan een van die liefdevolste, mees gebonde gesinne wat ek ken. Hulle woon in Wisconsin, VSA, en aangesien ek dikwels daarheen gaan om my bejaarde moeder te besoek, probeer ek om hulle ook te besoek aangesien hulle huis “gesinstyd” op heel praktiese maniere benut het. Dit kan in die kinders gesien word.

Ek en Sally kom daar aan net voor etenstyd en na ‘n uitbundige verwelkoming, het ons ons skaars in die gastekamer tuisgemaak of die maaltyd was bedien. Toe ek by die tafel aansit, het ek gewonder of hulle die president, in plaas van Jim Hohnberger verwag het. Alles was perfek en die gesin was in

hulle skik met ons waardering. Ek het opreg bemind gevoel, want in my hart het ek geweet dat hulle dit alles vir ons gedoen het, selfs al was ons nie vorstelikes nie. Die voedsel was met sorg voorberei en kunstig gerangskik. Dit het gelyk asof elke item spesiaal gekies was om nie slegs lekker te smaak nie, maar om ook keurige balans en kleur aan die tafel te verleen. Hulle het selfs my geliefkoosde dis - avokado's – gehad. Iemand het die moeite gedoen om spesiale naamkaartjies by elke plek te plaas. Ek het al baie maaltye in hierdie huis geëet en selfs al was die voedsel eenvoudig, was dit altyd op die aantreklikste manier voorgesit, terwyl die klein bykomstighede wat die maaltyd en verwelkoming so spesiaal maak, nooit nagelaat word nie.

Na ete terwyl ek gehelp het om my bord af te dek, het ek 'n klein liefdesnotatjie onder my bord gevind wat daar weggesteek was net om vir my te laat weet hoe spesiaal ek vir hulle is. Ek het opgelet dat ek nie die enigste een was in wie se spesiale behoeftes en smaak daar voorsien was nie.

Spoedig het vier gretige gesiggies my omring, terwyl hulle probeer besluit het wat om vir gesinstyd te doen. Skielik het hulle vader uitgeroep, "Ek weet! Kom ons voer 'n konsert op vir oom Jim." Die kinders het almal saamgestem en hulle instrumente gaan haal en gereed gemaak vir 'n konsert. In die tussentyd het ek ontspan en verder in die sagte bank teruggesak, terwyl ons met die vader en moeder gekuier het. "Konsertaand is vir jare al 'n gereelde gebeurtenis, ongeveer eenkeer per week, dink ek. Dit gee die kinders die geleentheid om vir ons op 'n prettige manier te wys wat hulle geleer het, alhoewel dit natuurlik in die begin baie erg was. Daar was baie piep- en skreeugeluide," het vader gelag. "Ons het altyd probeer om hulle aan te moedig, selfs al was dit moeilik om te luister."

Die resultaat van hulle liefdevolle vader se aanmoediging kon daardie aand waargeneem word terwyl die kinders vir ons 'n

verruklike konsert aangebied het. Elke kind bespeel ten minste twee instrumente en dit wissel tussen klavier, harp, tjello, viool en altviool.

*Dit is hemels,* het ek gedink terwyl die musiek my siel gestreel het. *Ek is seker die engele maak sulke musiek,* het ek gepeins. Gesinstyd het spontaan aanleiding gegee tot die aand se hoogtepunt – godsdiens. Musiek en sang het ons geïnspireer en hulle vader vertel ‘n verhaal wat my op die punt van my stoel laat sit, terwyl hy sy stem verander om te pas by elke karakter. Die vader hou egter nie daar op, tevrede dat hy ‘n goeie storie vertel het nie. Hy bring dit tot elkeen tuis deur ‘n gesinsbespreking. Toe hulle almal uiteindelik alles gesê het wat hulle wou, het hulle hulleself in gebed toegewy. Dit het gevoel asof selfs meer vrede en tevredenheid in hulle huis geheers het. Moeg en vaak het ons voor die vuur getalm, maar dit was slapenstyd en die kinders het gaan slaap.

Ek kon nie help om af te luister terwyl die kinders in die bed gesit word nie. Hierdie ontluikende tieners soen en omhels nog steeds hulle ouers. Hulle wou hê dat Pa op die kant van hulle beddens sit en gesels – regtig gesels. Hierdie kinders verlustig hulle in hulle vader se liefde, aandag en aanmoediging.

Toe die vader ten einde laaste terugkeer om saam met my voor die vuur te sit, het ek die roetine om die kinders in die bed te sit, genoem. Hy het gelag en gesê, “Ja, soms wanneer ek te lank neem met een, sal die ander my herinner dat hulle ook hulle tyd wil hê voordat almal aan die slaap raak. Die ander kinders het al selfs met hulle kussings en komberse gekom en ‘n bed op die vloer gemaak, sodat hulle naby ons kan wees terwyl ons kuier.”

“Hoe bou jy so ‘n noue band met jou kinders?” moes ek vra.

“Jim, ek het lank gelede besef dat ek nie geweet het wat om te doen om na aan my kinders te wees en hulle te help nie. Ek ken jou al vir bykans twee dekades. Toe jy met jou bediening

begin het, het ek geweet dat jy nie al die antwoorde het nie. Ek het net gedoen wat jy doen en wat jy vir almal sê om te doen – om aan die voete van Jesus te sit. Ek gaan elke dag en sit by Sy voete en vra Hom wat Hy wil hê ek moet doen en Hy gee *altyd* vir my leiding."

En wonder julle seker nou wie hierdie wonderlike vader is? Julle sal verstom wees as ek vir julle sê dat dit niemand anders is as dieselfde Mark wat as 'n kind misbruik was nie, wat groot geword het onder die sorg van 'n vader wat nie 'n voorbeeld gestel het wat gevolg kon word nie, wat nooit gevoel het dat iemand hom liefhet nie en wat nooit aangemoedig was nie, selfs al het hy uitgeblink. Die laaste wat ek oor hom genoem het, was toe hy besig was om dwelms in Hawaii te verkoop en beloof het om saam met sy vriend op 'n motorfietsrit te gaan. Wat het volgende gebeur? "Mark, wat het die ommekeer in jou lewe teweeggebring?"

"Wel, Jim, daardie vriend van my het nie vir my gesê dat die motorfietsrit was om 'n predikant te gaan sien nie. Voordat ek dit besef het, was ek by die predikant se kerk en besig om by sy kantoorvenster uit te staar en te wonder wanneer ons kan vertrek. Dit het gelyk asof my vriend geensins haastig was nie en het 'n eindelose klomp vrae vir die predikant gehad. 'n Uur het verbygegaan. *Nou sal dit nie meer lank wees nie,* het ek gedink, maar hulle het nog steeds gesels. Na 'n rukkie het ek begin luister na hulle gesprek oor God, en het 'n stem gehoor wat ek herken het. Ek het besef dat dit daardie klein sagte stemmetjie was wat my so vertroos het toe ek 'n seun was, dieselfde een wat vir al hierdie jare sluimerend was. Nou het dit hard en duidelik geklink. Ek het geweet dit was my *ware* Vader. Toe ek 'n kind was, het ek nie verstaan dat dit God was wat met my gepraat het nie, slegs dat iemand my liefgehad het. Nou het ek geweet dat dit God was en ek het my hart volkome aan Hom oorgegee. Ons het

vyf ure later vertrek, maar ek het nie alleen gegaan nie. Ek het my Vader saam met my gehad. Vir my was Christelikheid nog nooit 'n godsdiens nie. Dit was nog altyd 'n verhouding met die Een wat ek liefhet – my Vader.

"My lewe het onmiddellik verander. Ek het opgehou om te drink, die dwelms gelos en opgehou met elke aktiwiteit wat ek gedink het my Vader ongelukkig sou maak. O, ek wens elkeen kon deel hê aan my ondervinding met die God van liefde, wat my vader is en wat ook so 'n vader vir elkeen van hulle wil wees indien hulle dit net sal toelaat. God gebruik nie 'n een-grootte-pas-almal benadering om ons liefde en toewyding te wen nie. Daar is baie bybelse beginsels ensovoorts om ons te lei, maar wat Hy in werklikheid van ons verwag is dat ons aan Sy voete moet sit en Hom toe te laat om ons persoonlik te leer."

Ek het Mark se gesig bestudeer; die lig van die vuur het 'n goedgeboue man getoon, versag deur die middeljare, maar daar was iets meer … 'n innerlike vrede. Dit was 'n man wat aan God oorgegee het, gereed om te gehoorsaam. Ons het knus in stilte saam gesit, elkeen van ons verdiep in sy eie gedagtes.

"Tyd om te gaan slaap," het hy opgemerk en traag opgestaan.

Ek het saamgestem en kamer toe gegaan, nog steeds peinsend oor hoe 'n huis soos hierdie 'n voorsmakie kan word van die hemel en hoe een waar mishandeling plaasvind, 'n lewende hel kan wees. *Dit is omtrent wat dit is,* het ek in my gedagtes gedink. *Verhale soos hierdie van Mark laat jou die sonde in al sy boosheid haat. 'n Opregte Christelike huis trek die gevoelens na ons hemelse Vader en slegs Hy kan soveel vreugde en vrede bring na 'n huis wat bewoon word deur mense wat foute maak.*

"Goeienag," het ek Mark hoor sê terwyl ek na die gastekamer geloop het. Ek kon byna sy glimlag in die donker hoor, maar hy het nie vir 'n antwoord gewag terwyl hy na sy kamer geloop het

nie.  Hierdie gesin het die tyd geneem wat nodig was om 'n gesin te wees en dit het gewys.  Die kinders het geweet dat hulle ouers hulle liefgehad het, sonder die beperkings van tyd of gerief.  *As elke huis soos hierdie een kan wees,* het ek gedink*, sal die wêreld 'n beter plek wees.*  Gevul met emosie het ek uiting gegee aan die volheid van my hart deur hardop te sê, "God seën jou, Mark, vir wat jy toegelaat het dat God in hierdie huis doen.  Goeienag."

## HOOFSTUK 3
## DIE GESINSFIRMA

*"Oefen die seun volgens die eis van sy weg;*
*dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie."*
- *Spreuke 22:6*

DOEL VAN DIE HOOFSTUK

*Om die manier waarop ons huise funksioneer, dramaties te verander deur 'n billike verdeling van werk tussen die gesinslede en om die tyd verkry deur Ma en Pa se skedule te verander, aan die kinders te wy.*

Die reëns van die lente en die sneeu van die winter was iets van die verlede. Die woud was geklee in 'n verskeidenheid skakerings van nuwe groen plantegroei wat nog nie aangetas was deur die reënlose hitte van die laat Rocky Mountain, VSA, somer nie. Die roepstem van die buitelug was moeilik om te weerstaan, maar my binnenshuise takies moes eers voltooi word. Ons gaste sou spoedig aankom en ek wou ongestoord tyd met hulle spandeer.

Toe die telefoon lui, was Sally besig om brood te knie, haar hande het die deeg ritmies gedruk en gedraai en brode gevorm wat geen bakkery kon ewenaar nie. Dit was ons vriende, wat Kalispel verlaat het en oppad was na die noordelike afdraai na ons huis. Ek het aan hierdie gesin gedink toe ek die telefoon op die mikkie teruggeplaas het, een van die baie wat God ons pad laat kruis het. En soos altyd het ek gewonder wat God in gedagte gehad het met hulle besoek. Sou hulle iets waardevol sien, iets wat hulle vir hulleself sou wou hê, of sou hulle hulle soos vele ander na ons lewenstyl kyk en besluit dat dit net 'n te groot

opoffering is?

Bob en Samantha het ‘n seun en dogter gehad, ongeveer so oud soos ons tieners. Ons het by een van ons vergaderings ontmoet en hulle het ons opgewonde vertel van hulle beplande besoek aan Glacier National Park, VSA. Toe hulle gehoor het waar ons woon, het hulle ‘n nuwe moontlikheid oorweeg. Kon hulle ons kom besoek terwyl hulle daar was? Ons lewens is enigiets van twaalf tot agtien maande vooruit beplan. Wat vir ons almal verbasend was, was dat die tyd wat hulle hulle besoek beplan het, ons beskikbaar was. Nou was hulle oppad.

Terwyl hulle gereis het, het Samantha by haarself gedink, *Die tagtig kilometer grondpad na hulle huis is veeleisend; ek hoop hulle hou van ons. Hoe nader ons gekom het, hoe senuweeagtiger het ek gevoel … Jim en Sally is so gaaf, ek is seker alles sal goed gaan,* het sy gesê om haarself gerus te stel. *Ek reken ek het hulle in ‘n tipe geestelike supermense verander, maar hulle is mense net soos ons. Ek is egter nog steeds bekommerd dat my gesin nie goed genoeg sal wees nie.* Haar gepeins was onderbreek toe Bob vir haar gevra het om iets op die kaart op te soek en die normale reispraatjies het voortgegaan.

Een voordeel daarvan om so afgesonderd te woon, is dat wanneer jy ‘n motor hoor, jy weet dat vir jou is. Ons was buite op die agterstoep om ons vriende te verwelkom toe hulle aangery gekom het. Hulle het styf uit die motor geklim. Samantha het ons uitnodiging om in te kom en ‘n bietjie te kom sit, grasieus van die hand gewys. “Dankie, maar na die rit hierheen, is sit iets waarvoor ek nog nie gereed is nie,” het sy laggend gesê.

“Jim, wie het die klipwerk aan die fondasie van julle huisie gedoen?” het Bob gevra.

“Ons het. Ons wou hê dat die seuns ondervinding moes opdoen van verskillende konstruksietegnieke, en daarom het ons op hierdie projek besluit om die seuns klipmesselwerk te leer. Dit

het byna twee jaar geneem om te voltooi."

Aangesien ons alreeds 'n onbeplande toer van die eiendom begin het, het ek besluit om voort te gaan om hulle rond te wys. Ek het probeer om die gedagte oor te dra dat ons tuiste slegs 'n eenvoudige huisie was toe ons hierheen getrek het en dat die area rondom onontwikkeld was, maar natuurlik was dit moeilik vir hulle om te besef hoe dit moes gelyk het, terwyl hulle na die netjies versorgde erf en huis gekyk het.

Bob het voorheen gehoor dat ek van werksbanke gepraat het wat my seuns gemaak het en nou moes hy dit sien! Ons het dus eers by die motorhuis ingegaan voordat ons na die tuin gegaan het. Die seuns het hierdie groot projek self voltooi en nou het die werksbanke baie werkspasie voorsien. Die grootste van hierdie banke is ongeveer ses meter lank en een meter wyd met rakke en laaie. "Die seuns het elke plank, spyker en bout ingesit," het ek vir Bob gesê. "Hulle het dit regtig geniet en het oor baie weke elke beskikbare oomblik benut. Dit het hulle rêrig besig gehou en by voltooiing 'n gevoel van bekwaamheid gegee."

*Samantha mag skrikkerig gewees het om hier te kom kuier,* het Bob gedink, *maar ek is verbaas. Ek moet my seun se arm draai om die gras te sny en hulle seuns volhou vir weke met 'n tydrowende projek soos hierdie! Daar steek meer hier agter as wat ek dink. Ek moet meer uitvind.*

Ons het begin afstap na die spruitjie deur die voetpad te gebruik wat ook een van ons spesiale projekte was. Ons huis is geleë op 'n heuweltjie met 'n steil afdraende na die spruitjie vyftien meter laer. Die seuns wou 'n kronkelpaadjie al langs die kant van die heuwel bou sodat die spruit makliker bereik kon word. Baie gesinstyd was saans aan hierdie voetpaadjie gewy, om bome af te kap, keerwalle met stompe te bou en om klipgruis oor die hele lengte daarvan te gooi.

Terwyl ons teruggestap het met die kronkelende paadjie, het

Samantha se gedagtes ook begin dwaal, *Hierdie projek moes die gesin vir 'n geruime tyd uur na uur saam laat werk het en tog vertel hulle nooit verhale van uitgerafelde senuwees en slegte humeure gedurende die proses nie. Hoe doen hulle dit? Ek en Bob kan skaars 'n brief saam skryf sonder om te baklei.*

"Mmmmmm, dit ruik asof ons betyds is vir ete," het ek gesê, en die groep in die huisie ingelei. "Ons moet liewer ingaan, want Matthew en Andrew behoort gereed te wees met die maaltyd."

"Ons is gereed, Vader," het Andrew gesê. "Ons is ook bly julle is hier. Ek het al hoe hongerder geword net deur die kos te ruik. Ek is sopas klaar met die slaai en dus is alles gereed."

*Sjoe,* het Samantha gedink, *die geure hier sou in enige wêreldklas restaurant gevind kon word. Dit is duidelik dat daardie glimlaggende seuns nie slegs 'n voorafbereide dis van hulle moeder opgewarm het nie; hulle het in werklikheid die maaltyd voorberei. Ek weet dit is so, want Sally loop rond en loer in hierdie bak en daardie pot om te sien wat hulle gemaak het Sy vertrou hulle om 'n maaltyd vir gaste voor te berei sonder haar toesig of selfs haar raad! Ongelooflik! Iets gaan hier aan. Ek moet uitvind hoe sy dit doen.*

"Jy bedoel julle seuns kook en doen tradisionele manswerk?" het Samantha gevra. Sy het gedink dit is dom om so 'n vraag te vra met die bewys hier reg voor haar, maar dit het nie gelyk asof hulle omgegee het nie.

"Natuurlik doen ons dit, en nog meer!" het Andrew geantwoord.

"Julle sien, Bob en Samantha, ons opvatting was altyd dat indien ons seuns eendag die hoof van 'n huishouding wil wees, en hulle wil – dan moet hulle weet hoe om elke taak en plig van die huishouding te kan doen ten einde in 'n posisie te wees om daardie take wat deur andere gedoen word, te kan beheer." Het ek verduidelik. "Dit is soos om jou weg op te werk vanaf 'n

voorraadklerk tot ‘n hoof uitvoerende beampte.”

*Maak nogal sin,* het Samantha gedink, *alles in hierdie seuns se lewe is daar geplaas om hulle voor te berei vir sukses. Ek het verseker baie om vir my kinders te leer.*

“Hoe het jy geweet wat om vir julle seuns te leer?” het Bob gevra.

“Ek het nie. Ek het slegs probeer om hulle in elke taak te betrek wat ek gedink het hulle enigsins in staat sou wees om te doen. Ons het op ‘n jong ouderdom begin. Ek het ook probeer om hulle te leer om vooraf te besluit wat ek sou benodig terwyl hulle my gehelp het.”

“Vooraf te besluit?”

“Ja. Byvoorbeeld, wanneer ek die olie in ons vragmotor verander het, sou ek die seuns leer om vooruit te dink sodat ek nie nodig sou hê om te sê dat ek ‘n moersleutel nodig het nie. Hulle moes vooruit dink aan die stappe benodig met die verandering van olie sodat wanneer hulle gesien het dat ek gereed was vir die moersleutel, hulle gereed sou wees en ek nie gevolglik daarvoor hoef te gevra het nie. Dit het verskeie probeerslae geneem om hulle te leer om so te dink en dit was ‘n ware toets van my geduld, maar hulle het gou die kuns van vooruitbeplanning geleer. Dit het inderdaad byna ‘n speletjie geword om my een voor te wees deur die taak te beplan!”

Bob het sy kop nadenkend geknik. “Wanneer ek probeer het om die kinders in my take te betrek, het ek net moed opgegee omdat ek my net vererg het. Dit was baie beter om dit self te doen. Ek dink ek was baie kortsigtig.”

“Bob, dit is ‘n probleem wat ten minste so oud is as ouerskap. Om ‘n kind vir diens op te lei, vereis ‘n belegging van tyd en selfopoffering wat neig om ouers regtig verkeerd op te vryf. Onlangs het ek die verhaal gelees van ‘n skryfster wat voorgestel het dat ouers hulle kinders leer deur om saam met hulle te werk.

Haar artikel het heelwat skriftelike reaksie uitgelok, een waarop sy gereageer het en ek sal dit omskrywe, is ‘U vra, “pla u kinders u nie wanneer u saam met hulle werk nie?” Natuurlik pla my kinders my, maar ek laat hulle dit nooit agterkom nie.

“Ons het begin deur vir ons kinders al hoe meer belangriker verantwoordelikhede te gee, veel meer as die wat hulle portuur ondervind het, maar alhoewel dit meer van hulle geverg het, het dit hulle nie stuurs en rebels gemaak nie. Inderwaarheid, hoe meer ons van hulle verwag het, hoe aangenamer het hulle persoonlikhede geraak en hoe makliker was dit om hulle te kry om in te stem. Dag na dag het elke taak teen hulle wil gestry en het dit vereis dat hulle aan God se wil vir hulle moes oorgee en soos wat hulle dit gedoen het, so het Hy hulle natuurlike krag en vermoëns vermeerder. Ons het net op daardie manier voortgegaan en ons gesin soos ‘n besigheid bestuur met Matthew en Andrew as die junior vennote.”

“Dus het julle die gesinsfirma begin,” het Bob gelag, en toe ernstig geword. “Sal dit vir ons werk? Selfs al is ons kinders ouer?”

“Bob,” het ek gesê terwyl ek na sy kinders gekyk het, “jy het goeie kinders en dit is nie hulle skuld dat hulle nie opgelei is nie. Waarom laat jy hulle nie vir ‘n paar dae saamspan met ons kinders nie en kyk hoe hulle reageer?”

“Maar Jim,” het Samantha in die rede geval, “Ek het nog nie eers my dogter geleer hoe om te kook nie!”

“Dit is in die haak. Sy moet die een of ander tyd begin en dit kan net sowel hier wees.” En ons het dit toe gedoen. Die hele dag lank het ek gesien hoedat haar dogter saam met Andrew hout kap, terwyl haar broer gehelp het om die maaltye te beplan. Daardie kinders het gewerk, en ek bedoel die hele dag hard gewerk, maar elke keer wanneer ek hulle gesien het, het hulle gelukkig gelyk. Ons het heerlike maaltye geëet en goeie

gesprekke gehad.

Toe God die eerste gesin so lank gelede in Eden beplan het, het Hy nooit die situasies in gedagte gehad waarin gesinne hulleself toegelaat het om vandag in te beland nie, as gevolg van tradisie, toeval en sosiale druk. Vandag bestaan die gesin uit twee ouers wat ‘n ongelyke deel van die huishoudelike verantwoordelikhede dra. Dit is vir albei partye, op baie maniere, nadelig, maar dit beroof veral die kinders. Hulle beskou hulleself nie as belangrike, bydraende lede van die huishouding nie en met die gebrek aan verantwoordelikheid, verloor hulle die wonderlike gevoel van selfwaarde wat voortspruit daaruit om benodig te word. Hulle verloor ook hulle ouers se tyd en aandag omdat dit in beslag geneem word deur die take, wat deur andere gedoen kon word. Hulle ouers het minder energie om te speel en raak moeg, en dan neig hulle om minder opgewek te wees, wat ‘n neerdrukkende en sombere atmosfeer in die huis veroorsaak. Hierdie situasie word selfs meer beklemtoon in enkelouer huise waar een volwasse persoon die hele vrag van huishoudelike laste moet dra, dikwels bykomend tot ‘n voltydse werk. Hoe stel ons dus sulke probleme reg?

Eerstens sal dit ‘n skedule vereis. Die meerderheid van gesinne met wie ons berading doen, het geen skedule nie. Hulle dink dikwels dat hulle een het, maar by nadere ondersoek vind ons dat die skedule iets is wat deur andere afgedwing word, of dit nou skole, werkgewers, ensovoorts, is. Net omdat u teen ‘n sekere tyd by die werk of skool moet wees, beteken nie dat u geskeduleerd is nie, net soos wat om binne die spoedgrens te bestuur wanneer ‘n verkeersbeampte u volg, nie bewys dat u ‘n wetsgehoorsame bestuurder is nie. Nee, dit is wat u doen wanneer daar geen gesag van buite is wat beheer uitoefen nie wat bewys of u geskeduleerd is of nie.

Ons het dit behulpsaam gevind om die dag in drie dele te

verdeel. Die eerste deel is die vroeë oggendure. Dit is die tyd wanneer ons opstaan, ons persoonlike godsdiens met God hou, ons persoonlik versorg, gesinsgodsdiens hou, en uiteindelik ontbyt. Die tweede gedeelte is die werksure van die dag, waar take begin. Afhangende van wie u is, kan dit u beroep, huiswerk of skoolwerk wees. Die derde gedeelte is die aandure. Hierdie is die tyd wat afgesonder is vir gesinsontspanning en dit behoort net so streng bewaak te word teen onderbreking, as die werksure. Ek herinner mense gewoonlik dat die vroeë oggendure aan die einde van die aandure begin, want die tyd wanneer ons in die aand gaan slaap, bepaal ons gewilligheid om in die oggend betyds op te staan. Nuwe skedules behoort altyd in die aand aangepas en geïmplementeer te word voordat 'n nuwe dag begin. Sodoende kan enige nuwe program begin sonder om aandag aan enige afwykings van die vorige dag te verleen.

Die doel om 'n skedule vir ons gesinslewe op te stel, is nie slegs doeltreffendheid nie, maar eerder dat ons die skedule verstaan as 'n werktuig van God om te gebruik om die tyd uit te koop wat moontlik vermors kan word. Dit is 'n geskenk vir ons geluk sodat Hy ons nader aan Homself kan trek. Ons wil almal soos Jesus wees en 'n skedule sal ons help om daardie doel te bereik.

Om tallose mense te help om skedules te beplan wat realisties vir die werklike omstandighede sal wees, het ons die volgende filosofie aanvaar: Doen *slegs* daardie dinge wat nodig is vir u tydelike gemak en geluk, dan sal u die tyd vind om u Bybel met biddende belangstelling te lees, en goedgeordende, goedgedissiplineerde Christus-gesentreerde gesinne daar te stel.

God is 'n God van orde. Dit kan gesien word in die natuurlike wette wat in die natuur sigbaar is. Prediker 3:1-8 sê "Alles het sy bepaalde uur, en vir elke saak onder die hemel is daar 'n tyd." Ons skedule behoort dus 'n tyd in te sluit vir alles wat in ons

huishoudings gedoen moet word.

Die beste manier om ‘n skedule op te stel, is om dit te doen. Skryf u voorgenome skedule uit. Hou in gedagte dat u u skedule moet aanpas om by u gesin te pas en u sal baie meer samewerking kry indien die verskillende lede van u huishouding in die besluitmakingsproses betrek word. Probeer dit dan vir ‘n week. Hou aan om u skedule te verander en aan te pas totdat dit glad verloop en laat dit dan alleen en op sy plek.

Na jare van ondervinding, kan ek met insig verklaar dat die mense wat die moeilikste by die skedule bly die ouers is en nie die kinders nie. Die kinders geniet dit om te weet wat hulle moet doen en wanneer. Dit is die ouers wat die skedule in u huis sal laat werk of nie. Indien u by die skedule hou en nie toelaat dat enigiets daarmee inmeng nie, sal u kinders dieselfde doen. Indien u hierdie of daardie tydelike probleem sou toelaat om in te meng, sal almal spoedig die skedule met minagting bejeën.

Elke firma het reëls, beginsels en regulasies waarvolgens hulle werk. Ons huise het ook sulke reëls nodig. Dit behoort eenvoudig en aangepas te wees vir u kinders se ouderdomme. Daar is nog een baie belangrike beginsel om te onthou; u huishoudelike reëls moet toegepas word!

---

Die idees wat ek in hierdie hoofstuk aangebied het, is nie ingewikkelde teologie nie. Ons het egter gevind dat daar geen plaasvervanger is vir ‘n goed-geordende Christelike gesin wat goed funksioneer nie. Dit reik tot diep in die harte van die kinders en bind hulle met lewenslange beginsels waarby hulle baat sal vind, ongeag van waarheen hulle geroep sal word of wat hulle mag doen. Om ‘n lid te word van die gesinsfirma is die opleidingsgrondslag vir die werklike lewe. Die enigste vraag wat

oorbly om te vra, is, "Wat wil ek hê vir my kinders?" Mag God met u wees terwyl u besluit:

**Wat Wil Ek Hê Vir My Kinders?**

Wat wil ek hê vir my kinders?
Soek ek vir hulle wêreldwye roem?
Koester ek vir hulle weelde en rykdom?
Wil ek hê dat hulle lewens net soos ‘n speletjie moet bloem?

Wat wil ek hê vir my kinders?
Is dit krag en wysheid en mag?
Wil ek hê dat hulle ongetelde seëninge moet geniet?
Moet alles net reg gaan, is dit wat ek verwag?

Ek sal u sê wat ek wil hê vir my kinders:
‘n Hart vol vrede van bo,
‘n Lewe wat andere dien,
‘n Hart wat in geduld en liefde glo.

Ek wil hê dat hulle my Verlosser moet ken,
Om vry te wees van die krag van sonde.
Dit is wat ek wil hê vir my kinders.
Ek wil hê dat hulle saam met Hom moet loop, ongebonde.
Ek wil hê dat hulle soos Hy moet wees.

- Ruth Anderson

---

## HOOFSTUK 4

## GESINSRADE

*"En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie,
maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here."*
- *Efesiërs 6:4*

DOEL VAN DIE HOOFSTUK

*Om te begin om gesinsrade in te stel op so 'n manier dat hulle 'n konstruktiewe werktuig sal wees om konflik te verlig en die tipe gesinsregering teweeg te bring wat die Here in gedagte gehad het en alle lede sal bemagtig om hulle potensiaal te bereik.*

"Vader, kan ons binnekort 'n gesinsraad hou?"

Ek het omgedraai van waar ek met my tuinwerk besig was om Matthew te sien wat ernstig met wakker oë na my gestaar het. Dit was duidelik dat iets hom gepla het, maar ek het geen idee gehad wat dit was nie. In ons gesin kan enigeen versoek dat 'n gesinsraad gehou word, indien verlang. Hulle moes slegs na my kom en vir my vra om een te hou en dan sou ek dit op 'n geskikte tyd inwerk. Soms het u 'n bietjie meer inligting nodig om te verseker dat beplan word vir 'n tyd wat sal werk. Byvoorbeeld, indien iemand 'n vakansievoorstel het, kan ons dit baie informeel doen, maar indien iemand ontsteld is, of 'n ernstige probleem het, mag ons meer ongesteurde tyd nodig hê. Ek het besluit om net 'n bietjie uit te vis. "Is daar iets wat jou pla?"

"Ja en ek sal dit waardeer indien ons nog hierdie week daaroor kan praat."

"Wel, Matthew, vanaand is oop. Wat van sewe-dertig?"

"Dit klink goed, Vader, baie dankie!"

Nadat hy weg is, het ek probeer onthou of daar iets was wat ek gedoen het om hom te ontstel, maar ek kon aan niks dink

nie.  Die Heilige Gees het ook op daardie oomblik niks na vore gebring nie en dus het ek tot die gevolgtrekking gekom dat dit Sally moes wees wat verantwoordelik was.  Sy moes hom gevra het om iets te doen wat nie sy taak was nie, of sy was te streng met sy skoolwerk.  Wat dit ookal is, ons sal dit vanaand kan hanteer, het ek gedink.  Heimlik het ek ‘n bietjie ontspan met die gedagte dat dit nie ek was wat die oorsaak van die probleem was nie en dat ek dus nie in die “beskuldigdebank” sou staan nie.

Daardie aand terwyl die gesin bymekaar gekom het, het ek almal herinner aan die doel van gesinsrade.  Dit is nie om te veroordeel of te vergewe nie, maar om ‘n oplossing te vind.  Ek het ook die grondreëls hersien.  Die eerste een is dat die persoon wat die vergadering aangevra het, die reg het om sonder onderbreking te praat, totdat hulle voel dat hulle die probleem duidelik genoeg gestel het.  Niemand anders is dan toegelaat om te praat nie, tensy hulle ‘n idee vir ‘n oplossing of ‘n voorstel gehad het of duidelikheid oor ‘n punt wou hê.  Nadat dit alles gesê was, het ons gebid dat God ons sou lei.  Ons het gevra dat die eie-ek oorgegee en beheer sou word, ongeag wat die kwessie ookal was.  Toe het ons die tyd aan Matthew gegee, angstig om sy klagte te hoor.

“Vader, jy het vandag my splinternuwe kettingsaag gebruik sonder my toestemming om dit te doen,” het Matthew verontwaardig gesê.

Ek was stomgeslaan.  Ek was so seker dat ek nie die oorsaak van sy probleem was nie en nou dit!  Ek het vir ‘n oomblik geworstel om my ontspanne gedagtes bymekaar te kry.  Ja, ek het sy saag geleen.  Daar was klein takkies agter die kweekhuis wat ek wou wegsny.  Toe ek na die werksbank gegaan het om my saag te gaan haal, was Matthew se nuwe liggewig model daar en dit het soos die perfekte stuk

gereedskap vir die taak gelyk en daarom het ek dit geleen. As dertienjarige was dit die eerste behoorlike stuk kraggereedskap wat hy besit het. Hy het natuurlik self daarvoor betaal, maar dit het so uitlokkend daar gelê met sy blink rooi verf, dat ek nooit eers daaraan gedink het om toestemming te vra nie.

Ek was altyd streng daarop dat die seuns toestemming moes kry voordat hulle my gereedskap kon gebruik het. Sodoende sou ek geweet het wie verantwoordelik was indien iets weg was of gebreek het. Net deur om te vra, word respek aangekweek vir iemand anders se besittings, en verantwoordelikheid daarvoor aanvaar wanneer ‘n item geleen word.

Terwyl ek daar in die “beskuldigdebank” gesit het, het ek skielik Matthew se siening van die aangeleentheid ingesien. Ek kon my voorstel hoe hy gevoel het toe hy ‘n kettingsaag gehoor het en uitgekyk het en gesien het hoe ek sy splinternuwe saag gebruik, wat hy nog nie eens self gebruik het nie. Hy was gekrenk omdat ek nie dieselfde beleefdheid getoon het deur eers te vra nie en ook heeltemal tereg. Ek het begin om baie skaam te voel.

Die groter scenario het voor my opgedoem, en ek het begin wonder wat sou gebeur het indien ons nie die samestelling van gesinsrade gehad het om sulke konflikte te hanteer nie. Stel u voor, Matthew wat seergemaak en kwaad voel en wat tekere gaan. Of, indien hy alleen na my gekom het, sou ek moontlik in die versoeking gewees het om te sê, “Luister, ek maak die reëls hier rond. Dit is net hoe dit is. Wanneer jy jou eie huis het en die rekenings betaal, kan jy die reëls maak.” In my hart het ek geweet dat reaksies soos daardie slegs die kinders meer verbitter teen hulle ouers.

Met elke oog in die kamer op my gerig, het ek geweet dat ek moes reageer en dat elke woord wat ek sou sê, betekenisvol sou wees. “Matthew, ek kan nie aan ‘n bybelse beginsel dink

vir die probleem nie, maar ek het altyd geglo dat 'Wat vir die een geld, geld ook vir die ander.'"

"Ekskuus, wat beteken dit," het hy verslae gevra.

"Dit beteken dat ek jammer is dat ek jou saag sonder toestemming gebruik het. As dit vir jou noodsaaklik is om eers te vra, is dit ook vir my nodig om dit te doen. Ek beloof dat ek dit in die toekoms sal doen," het ek afgesluit. Sy gesig het ontspan en in 'n glimlag ontplooi. Ek het geweet dat alles verby was, regverdig en reg gehanteer, en vrede het oor my gevloei. Die eensgesindheid was herstel.

Gesinsrade kan gebruik word as 'n werktuig om wonderwerke te verrig wanneer konflik gehanteer word, maar dit eindig nie daar nie. Ons het gesinsrade gehad wat om die tafel gesit het om vakansies te beplan, of om 'n vuur diep in die woud met slegs die geroep van die voëls saam met ons woorde. Ons het dit al selfs in die motor gehou terwyl ons gereis het. Nogtans is baie gesinne huiwerig om dit te probeer. Dit wil voorkom asof die onderliggende sentiment is, "Dit werk goed vir jou gesin, maar dit sal nie in ons huis of met ons kinders werk nie."

Kinders sal baie makliker 'n regering ondersteun waarin hulle ook inspraak gehad het. Ouers moet leer dat almal, nie slegs die kinders nie, deel van die besluitmakingsproses wil wees of dat hulle gevoelens ten minste in oorweging geneem word. Gesinsrade is 'n natuurlike verlenging van die "Gesinsfirma" waarvan ons in hoofstuk 3 gepraat het. Dit is deur daardie junior vennote die vermoë te gee om deel te neem aan die gesinsregering dat hulle selfbeheer leer. Dit is ook nie slegs 'n simboliese verteenwoordiging nie, maar 'n werklike, betekenisvolle stem in die gesin. Kinders waardeer en reageer op daardie inagneming.

Ek het gevind dat in enige huishouding dit nie die kinders is

wat ‘n probleem met verandering het nie, maar die ouers. Ons ouers is die skuldigste wanneer dit kom by die gebrek daaraan om iets deur te voer. Die resultate wat behaal word, hang altyd af van hoe gemotiveerd ons is. God gebruik dikwels wanhopige omstandighede om ons as volwassenes te motiveer om maniere van verandering te probeer, wat ons normaalweg as onsmaaklik sal afmaak.

En dit bring ons by die finale, maar belangrikste punt in gesinsrade. Dit maak nie saak in hoe ‘n mate ‘n kind sy eie weg wil volg nie, en ongeag van hoe graag ons aan hulle begeertes wil voldoen nie, dit neem leierskap om ‘n huishouding te laat vlot. Vriend, dit is vandag dieselfde in u huis en in u huwelik en u in lewe. Jesus staan voor u terwyl u probeer om vervulling te vind in hierdie wêreld se valse plesiere en sogenaamde vryhede en sê, “Ek het jou lief! Ek kan jou nie laat gaan nie!” Sal u vandag op Sy oproep reageer en daardie eerste moeilike tree neem om ‘n oplossing te bring vir die konflikte wat Satan gebruik het om u geluk by die huis te vernietig?

---

Vra God wat Hy vir u en u gesin beplan het terwyl u hierdie metodes in werking stel; soek dan ‘n gewilligheid om dit deur te voer. Die kanse is goed dat God se metodes teenstrydig sal wees met wat u wil, en dit sal vereis dat u dieper sal moet gaan in u oorgawe aan Hom indien u suksesvol wil wees. Kan u dink aan ‘n onlangse situasie in u huis wat makliker opgelos sou gewees het indien u en u gesin ‘n spesifieke metode vasgestel het waarop konflikte aangespreek kon word en ‘n forum waar voorstelle oorweeg kon word? Vra God vir leiding terwyl u daarna streef om enige verkeerde maniere om dinge te hanteer

reg te stel, waarop Hy ons attent gemaak het.

Almal van ons verwag sekere dinge van ons gesinne, en wanneer ons dit nie kry nie, is ons ongelukkig. Deur die gesinraad duidelik voor te hou as die aanvaarbare manier waarop gesinsprobleme hanteer behoort te word, is die verwagting geskep dat beide u en u gesin daardie metode sal gebruik om dit op te los. Is u gewillig om daarby te bly, selfs wanneer dit ongerieflik is? Is u gewillig om aan te hou wanneer dit nie maklik is nie en om die eie-ek te laat sterf wanneer u wil teengestaan word? Indien u dit doen, sal u vind dat u gesinsregering merkwaardig sal verbeter, en u sal in staat wees om in u kinders ‘n model te skep van wat ‘n huis behoort te wees. Mag God u bystaan in u pogings.

---

# ‘N CHRISTELIKE GIDS VIR DIE GESIN

Die sleutel om ‘n ware Christelike gesinslewe te verkry, is opgesluit in u besluit om u gesin eerste te stel, bo enigiets anders, behalwe God. Om u kinders te red, sal vereis dat u slegs sal leef om die toekoms van u kleintjies te verseker. Mag God Sy planne vir u gesin lei.

● Soek die wysheid van God en ‘n gewilligheid van gees wat aan u die boodskap sal openbaar wat Hy vir u het. Soek na oplossings.

● Spandeer spesiale tyd met u gesin en met God. Maak u persoonlike godsdienslewe meer as ‘n formaliteit. Maak seker dat u as gesin daarna streef om God te ken.

● Vra God om u die vryheid van denke te gee om werklik te sien wat u gesin deur Sy krag kan word.

● In u stiltetyd met God, vra Hom om u te help om die beginsels van gesinstyd en gesinsrade te ontwikkel. Gebruik hulle as effektiewe werktuie onder Sy leiding.

● Vra God om die verdedigende houding te verwyder wat vanselfsprekend gepaard gaan met die sondige vlees wat ons almal deel, en om vir u ‘n sin van objektiwiteit te gee.

● Vra vir goddelike hulp om die dorings te verwyder wat deel is van ons ou en sondige maniere en houdings.